Kerkeenheid in die Bybel

God is één, daarom is die kerk één

Enigiemand wat die Bybel lees sal gou agterkom dat eenheid `n baie belangrike saak in die Bybel is. Hierdie sterk Bybelse klem op eenheid is gewortel in die Bybelse oortuiging dat daar net één God. Die Here onse God is één, hoor ons reeds in Deut 6:4 en daarna op baie plekke in die Bybel. In die NT kom die boodskap nog duideliker deur, dalk die helderste in Efes 4:4-6 waar Paulus sê dat daar net één Here is – net één Gees en net één God en Vader wat oor almal is, deur almal werk en in almal woon.

Dit is duidelik uit die NT dat hierdie eenheid van God implikasies het vir die ganse lewe van die geloofs-gemeenskap. Omdat God Een is, kan daar net één liggaam wees, net één geloof, één hoop, één roeping, één doop (Efes 4:4-6).

Omdat die kerk die liggaam van Christus is, is dit ondenkbaar vir die Bybel dat diep skeidings of skeurings in die kerk geduld of goedgepraat kan word. Die kerk moet die onderlinge liefde en eenheid van die Drieënige God reflekteer en weerspieel in die wêreld. Daar kan geen vraag daaroor wees nie: dit was die oorspronklike droom en bedoeling met die kerk, die gemeenskap van gelowiges.

Een, sodat die wêreld kan glo

Ons hoor dit duidelik as Jesus - enkele ure voor sy arrestasie en kruisiging – bid vir sy dissipels: “Heilige Vader, bewaar hulle in u Naam… sodat hulle net soos Ons een kan wees…Ek bid dat hulle een mag wees, net soos U, Vader, in My is en Ek in U, dat hulle ook in ons mag wees, sodat die wêreld kan weet dat U My gestuur het…” (Joh 17:11,21). Die gelowiges, bid Jesus, moet “volkome een” (22) wees, met dieselfde innige, onverdeelbare eenheid wat die Vader en die Seun verenig. Dit is ‘n gebed uit Jesus se hart – want as die gelowiges waarlik een sou wees, sal die wêreld kan glo: die Vader het Jesus gestuur. Dit beteken die geloofwaardigheid van die evangelie hang van die eenheid af – as die gelowiges nie een is nie, sal die wêreld moeilik glo.

Die kerk kom van God af en het nie `n lewe van sy eie nie. In die Efesiërbrief sê Paulus dat die eenheid van die NT kerk ten nouste verbind is aan die lewe en sterwe van Christus. Christus het deur sy kruisdood die middelmuur van skeiding tussen Jode en nie-Jode afgebreek en hulle Een gemaak in sy liggaam, die kerk. So skryf Paulus in Ef 2:14: “Christus is ons vrede, Hy wat dié twee, Jode en nie-Jode, een gemaak het. Deur sy liggaam te gee, het Hy vyandskap afgebreek wat vroeër soos ‘n muur skeiding gemaak het.”

Ons hoor die krag en verreikende implikasie van die eenheid ook helder as Paulus aan die Galasiërs skryf: “Dit maak nie saak of iemand Jood of Griek, slaaf of vry, man of vrou is nie: in Christus Jesus is julle almal één” (so ook in Kol 3:11).

Vir Jesus en Paulus was dit duidelik: die eenheid van gelowiges was ‘n kardinale saak. Omdat God Een is moes die gelowiges ook een wees: één liggaam, één kerk.

Die eenheid is gegee, maar moet ook konkreet en lewend gesien kan word

Min mense sal waarskynlik ontken dat die Bybel in die algemeen `n sterk klem op eenheid plaas. Die vraag wat wel soms gevra word is of hierdie nie `n onsigbare, geestelike eenheid is wat nie noodwendig gesien of nagestreef hoef te word nie?

Sekerlik was die eenheid Geestelik. Dit is die Gees wat die eenheid smee – maar dié eenheid moes deur die gelowiges gehandhaaf word – en daarmee het al die NT-se skrywers bedoel: dit moet <u>konkreet en sigbaar</u> wees. Die eenheid moes tussen gelowiges konkreet gestalte verkry deur “in vrede met mekaar te lewe” (Efes 4:3) – selfs te midde van natuurlike verskille en onderlinge konflik. Hieroor praat die NT op baie plekke. Paulus, byvoorbeeld, vermaan:

<u>Die Filippense</u>: “Maak dan nou my blydskap volkome deur eensgesind te wees: een in liefde, een van hart, een in strewe. Moet niks uit selfsug or eersug doen nie, maar in nederigheid moet die een die ander hoër ag as homself. Julle moenie net elkeen aan sy eie belange dink nie, maar ook aan dié van ander” (Fil 2:2).

<u>En die Kolossense</u>: “Hier (in die gemeente) is dit nie van belang of iemand Griek of Jood is nie, besny of nie besny is nie, andertalig, beskaaf, slaaf of vry is nie. Hier is Christus alles en in almal… God het julle immers geroep om as lede van een liggaam in vrede met mekaar te lewe” (Kol 3:11,14).

<u>Die Galasiërs</u>: “Dra mekaar se laste, en gee op dié manier uitvoering aan die wet van Christus” (6:2). In dieselfde Galasiërs 2 skryf Paulus oor sy konfrontasie met die senior apostel Petrus in Antiogië. Toe Petrus hom etenstye eenkant begin hou het om nie saam met nie-Joodse gelowiges te eet nie, kon Paulus nie langer stilbly nie. “Julle wyk van die waarheid van die evangelie af!” het hy gewaarsku. Waarom so ‘n harde teregwysing? Omdat Petrus en sy aanhangers die evangelie se versoening tussen God en mens, en tussen mens en mens, tot ‘n “geestelike” sfeer wou beperk: Jood en nie-Jood was in Christus “geestelik” versoen,

maar dit het nie beteken dat hulle genoeg versoen was om saam te kon eet, vergader en aanbid nie. Daarteen verset Paulus hom met alle mag. Enige reëling wat die evangelie se versoening tot 'n "geestelike sfeer sou wou beperk, en dit nie tot op 'n sigbare, konkrete vlak wou deurtrek nie, sou die krag van die evangelie ontken – dit sou in werklikheid 'n "ander evangelie" verkondig (Gal 1:6). Nee, skryf Paulus: "Deur hierdie geloof in Christus Jesus is julle nou almal kinders van God… Dit maak nie saak of iemand Jood of Griek, slaaf of vry, man of vrou is nie: in Christus Jesus is julle almal één" (Gal 3:28).

Die Korintiërs, waar in sommige huiskerke die nagmaal so misbruik is dat "dit nie meer die nagmaal van die Here" (1 Kor 11:20) was nie. In plaas daarvan dat die nagmaal die één liggaam van Christus versterk, gebeur die teenoorgestelde: "die byeenkomste (doen) eerder kwaad as goed", dit versterk "partyskappe" en "verdeeldheid" eerder as om dit te oorbrug. Daarom vermaan Paulus die Korintiërs dat gelowiges net die nagmaal vier as hulle "besef dat die liggaam van Christus is" (29). Hulle is immers één liggaam, waar die lidmate "gelyke sorg vir mekaar dra", want hulle is één liggaam – "as een lid ly, ly al die lede saam; en as een lid geëer word, is al die lede saam bly (12:25-26)." Daarom – "die brood wat ons breek, is dit nie die gemeenskap met die liggaam van Christus nie? Omdat dit een brood is, is ons, al is ons baie, saam een liggaam, want ons het almal deel aan die een brood" (10:17).

Dit is belangrik om raak te sien dat hierdie oproep tot eenheid gemaak word te midde van natuurlike verskeidenheid in die gemeentes (kultuur- en rasseverskille) en ten aansien van sondige konflik en verdeeldheid. Daar is geen geval in die Bybel waar toestemming gegee is dat hierdie menselike verskille die grond kan word vir verdelings in of tussen gemeentes nie. Selfs waar hierdie kultuur- of rasverskille tot spanning gelei het (byvoorbeel in Hand 6), is nie toestemming gegee dat dit tot skeiding kan lei nie. Op `n bedieningsvlak word reëlings getref om die spesiale behoeftes van mense op te vang, maar dit word gedoen binne die opset en grense van een en dieselfde gemeente.

Maar is dit nie net 'n binne-gemeentelike eenheid nie?

Maar – sou iemand nogtans kon vra – is dié sigbare, konkrete eenheid wat gehandhaaf moet word, nie net 'n binne-gemeentelike eenheid nie? Sê die Bybel iets oor één kerkverband tussen gemeentes? Is daar 'n Bybelse opdrag dat verskillende gemeentes in een verband georganiseer moet word?

Die hele NT veronderstel deurentyd dat so `n verband bestaan, en gehandhaaf moet word. Ons sien dit:

- in die manier waarop byvoorbeeld in die Efesiërbrief – 'n omsendbrief aan verskillende gemeentes - gepraat word oor die samehang en eenheid van die ganse kerk van Christus;
- in die wye erkenning wat gegee word aan die getuienis van die apostels en die belydenis wat van hulle ontvang is. Waar die apostels gekom het, is hulle as leiers in die een kerk ontvang;
- in Hand 15, as leiers uit verskillende gemeentes saamkom in `n sinode en saam 'n beleidsbesluit oor die posisie van nie-Joodse gelowiges neem wat vir die hele kerkverband bindend was;
- as Paulus aan gemeentes ver weg opdragte gee - en verwag dat dit uitgevoer sal word, byvoorbeeld oor nagmaal (1 Kor 11:33);
- As Paulus met groot vrymoedigheid gemeentes in Rome, Masedonië en Agaje om geldelike steun vra vir sy sending na Spanje (Rom 15:26); as hy die Korintiërs en die Galasiërs vra om die gelowiges in Jerusalem te help (1 Kor:1:1-5).

Dit alles kon net gebeur het as hy en die gemeentes hulleself gesien het as behorende tot een verband.

Opsommend

Eerstens: In Handelinge, asook in die briewe van Paulus en die ander apostels, lees ons nêrens dat die vroeë Christene gedink het dat verskillende soorte gemeentes nodig is vir mense van verskillende rasse, kulture, klasse of spiritualiteite nie. Die Nuwe-Testamentiese skrywers gaan eenvoudig van die aanname uit dat almal wat glo dat God Homself in Jesus aan ons openbaar het, één gemeenskap is. Die getuienis van die Handelinge-verhaal is hier uiters belangrik. In die loop van die verhaal lees ons meer kere dat spanning in die gemeentes ontstaan het as gevolg van kultuur- of rasse-verskille (byvoorbeeld Hand 6 en 15). Die spanning word telkens *binne* die bestaande verbande hanteer en lei nêrens tot die stigting van nuwe, andersoortige gemeentes of kerke nie.

Tweedens: Hierdie eenheid – neem die Nuwe Testament vanselfsprekend aan – was 'n sigbare, konkrete eenheid, 'n eenheid waarin mense aan mekaar verbind was, vir mekaar verantwoordelik was en seggenskap oor mekaar se lewenswandel gehad het. Dit was nie *net* 'n eenheid van gees of gesindheid nie.

Derdens: Hierdie Christelike gemeenskap was, alhoewel hulle geografies van mekaar geskei was (Jerusalem, Antiochië, Rome, Korintiërs, ens.), aan mekaar en vir mekaar verantwoordelik. Ook dié verband wat gemeentes met mekaar gehad het, was vir hulle vanselfsprekend. *Augustus 2008*